## 25. Omgeepapier 26 - 31 Augustus 2024

**Hand 16:16-34. Lofliedere aan God te midde van swaarkry! Die Here is Naby!**

1. **Lees Hand 16:19, 20, 24.** (Paulus se swaarkry).
   **Vraag - Watter verdrukking of swaarkry belewe jy omdat jy 'n getuie vir Jesus is? Watter swaarkry belewe jy sommer net, sonder ooglopende rede?**

2. **Lees Hand 16:25.** (Paulus se hantering van sy swaarkry).
   **'n Persoonlike Vraag - Hoe hanteer jy jóú swaarkry en verdrukking? / Watter boodskap gee jy aan die mense óm jou? / Watter effek van jou hantering van jóú swaarkry sien jy op die mense om jou?**

3. **Lees 2 Tim 2:3; Fil 1:29; Fil 3:8; Matt 5:11-12**
   **Vraag - Toe jy jou lewe aan Jesus oorgegee het, het jy wérklik aanvaar dat dit nie beteken het dat jou hele lewe nou maanskyn en rose sou word nie?**

4. **Lees Ps 145: 1-3, 21 en 18** (Dawid se lewens ingesteldheid); Lees ook Joh 14:16 (Jesus en die Heilige Gees - Immanuel)
   **Vraag - Hoe voel jy oor die Here se nabyheid wanneer jy Hom aanroep / bid? / Is die Here se nabyheid vir jou genoeg?**

5. **Gebedsversoeke:**
   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -

   **Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   -
   -